

25 Junie

Skrifgedeelte: Galasiërs 2:15-21 (NAV)
Fokusgedeelte: Galasiërs 2:16a

Vryspraak deur Jesus en nie deur die wet nie!

Baie gelowiges beleef 'n innerlike spanning. Mense wat soos Paulus voel: *Die goeie wat ek wil, dit doen ek nie, die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek* (Rom. 7:19). Daarom die spanning. Waarom vind ons nie rus nie? Omdat ons steeds ons lewe voor God meet aan ons uitleef van sy geboorte, in plaas daarvan dat ons werklik glo in Jesus en Jesus alleen. Ons sien altyd twee kliptafels met die wet daarop, maar God hou aan ons 'n kruishout voor en die bloed van sy geliefde Seun.

Paulus wys hier op mense wat as Jode gebore is en dié wat heidene is. Die Jode het die wet gehad, maar die heidene het niks gehad nie. Daarom sou hulle as sondeurs verlore gaan, maar ook die Jode, want *almal het gesondig* (Rom. 3:23). Maar juis daarom het God Jesus aan die kruis gegee. Daar het Hy al die eise van die wet op Hom geneem. Hy het die wet vervul (Matt. 5:17). Nou word jy nie meer gered deur die wet te probeer onderhou nie. Nee, elkeen wat glo in Jesus, Jood of heiden, word vrygespreek van alle ongeregtigheid. Alleen, alleen maar deur in Jesus te glo. Sy offer is die ware en enigste vryspraak voor God. Deur sy offer is ek vir die wet dood (vs 19). Die wet het sy houvas op jou as gelowige verloor deurdat jou saligheid nie meer daarvan afhang nie.

Wat doen ons? Ons glo Jesus het gesterf, maar so dikwels sit ons by Jesus 'n plus. Jesus plus die wet. Hy het betaal, maar ek moet die wet nougeset hou, anders gaan ek verlore! Duisend maal NEE!! Die wet is nog daar. Dit bly 'n rigsnoer vir my dankbaarheidslewe, maar bewerk nooit redding nie. Geloof bring jou in 'n nuwe verhouding met God. Dit is 'n skuif van eiegeregtigheid deur die wet na 'n vaste vertrouwe op Christus alleen. Daarom kan sonde of vryspraak nie meer in terme van die wet beskryf word nie. Ons word deur God sonder die wet geregverdig. Vers 21: *As 'n mens vrygespreek kon word op grond daarvan dat hy die wet onderhou, sou dit immers beteken het dat Christus verniet gesterf het.*

So word vers 20 ons jubellied: *Nou is dit nie meer ek wat leef nie, maar Christus wat in my leef!*

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2

Ds. LD Aucamp (Emeritus, Bronkhorstspuit)